**VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA**
**Somerset-Wes**

Leraar: Ds. A. Cloete-Damons
Telefoon: (021) 939-2461
Selfoon: 084 585 2019

Kerkstraat 50, Somerset-Wes, 7130
Posbus 372, Somerset-Wes, 7130
E-pos: vgksomersetwes1@gmail.com

9 Junie 2020

Liewe Familie in Christus

Dis nou ons derde maand in Grendeltyd, oftewel *Lockdown*! Vlak 3 het nou meegebring dat baie meer beweging toegelaat word en die kerk word tot essensiële diens verklaar. Ons twee maande van fisiese afwesigheid, laat ons definitief hunker na mekaar. Die behoefte om met mekaar saam te wees hou egter steeds baie groot risiko's in en daarom beveel beide Algemene- sowel Streeksinode aan dat Kerkrade die oopsluit/oopmaak van kerke vir eredienste baie versigtig sal benader. My video-boodskap aan u het beloof dat Kerkraad en 'n Covid-19 Taakspan sou beraadslaag en op grond van hierdie gesprekke het Kerkraad op die volgende besluit:

**EREDIENSTE:**

- Dat, as gevolg van die steeds verwagte toename in positiewe Covid-19 gevalle teen Julie, die kerk nie nou haar deure vir eredienste of enige ander byeenkomstes sal oopmaak nie.
- Dat die Winter-tydperk wat gewoonweg met griep en verkoues gepaardgaan, ook deurgesien moet word.
- Dat die beoogde datum vir terugkeer na die kerkgebou, Sondag, 4 Oktober 2020 sal wees.

Uit die aard van die saak moet Kerkraad die kerk in gereedheid bring op die standaard soos deur die Grendeltyd-Regulasies aan ons voorgeskryf en daarom sal Kerkraad steeds toegang tot die kerkgebou hê om die afhandeling daarvan te verseker en daarom die terugkeer eers in Oktober. Hierdie terugkeer hang af van hoe ons omstandighede in die Wes-Kaap en in ons bedieningsarea, Somerset-Wes verander.

**VOORBEREIDING VAN KERKGEBOU:**

Kerkraad sal die tydperk van voortgesette inperking gebruik om die kerkgebou voor te berei met al die nodige toerusting wat verlang word en daarom onder meer die volgende:

- Die opstel van "screening" fasiliteite wat verpligtend is voor enigiemand die kerk binne kan gaan.
- Die verkryging van termometers om die koors te meet.
- Aanskaf van genoegsame ontsmettingsmiddels regdeur die kerk.
- Afbakening van sitplekke om sosiale afstand te handhaaf.

Aangesien ontsmetting van kerkgeriewe na dienste moet plaasvind, sal die Covid-19 Taakspan verder ontmoet om seker te maak dat bogenoemde onder meer in plek gestel word asook ander behoeftes soos deur hierdie taakspan geïdentifiseer.

**VOORTGESETTE BEDIENING BINNE GRENDELTYD:**

Ons harte is verbly deur die wonderlike gebare van barmhartigheid in hierdie tydperk deur u getoon. Ons kan met dankbaarheid rapporteer dat uitreikingsprojekte by verskeie punte soos: Sir Lowry's Pass, Garden Village, Lorensiapark en Helderzicht baie suksesvol was.

Baie dankie aan al die vrywilliges wat behulpsaam was en steeds is en die vele donasies wat die kerk ontvang het. 'n Volledige verslag sal aan u, deur die Wyke verskaf word in die vorm van 'n boekie.

**DIENSBAARHEID:**

Kerkraad het besluit om die Virtuele-Bediening uit te brei en daarom gaan al die wyke/groepe/verenigings/kategese klasse binne die kerk genader word om deel te vorm van hierdie bedieningswyse en so aktief binne die werksaamhede van die gemeente te bly.

**TEN SLOTTE** bedank ons u as Gemeente vir volgehoue ondersteuning aan die kerk hetsy materieël of/en finansiëel. U ondersteunings maak dit vir die kerk moontlik om steeds te kan reageer op die nood wat tans in ons gemeente bestaan.

*Romeine 5:3-5 AFR83*
*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof en egtheid van geloof kweek hoop, en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

Baie sterkte in u huishoudings en vele seën word u toegebid.

**Ds. Anne-Marie Cloete-Damons**
Leraar